

# Die man van vele Juwele

Jaco Roux, ontwerper van die amulet-armband vir DEKAT, glo ontwerp kom uit die hart, nie die kop nie.

**Jaco Roux se hande kan toor.** Hy maak iets uit oënskynlik niks. 'n Moderne alchemis wat die ordinêre timmer, smelt en rol totdat dit lewe kry.

Eers sien jy net 'n niksseggende stuk vierkantige silwer voor jou lê – en as jy weer kyk, blom 'n varkoor in jou hand.

Dis ringe, armbande, amulette en halssnoere. Ure se handewerk, smelt en smee.

Vra Jaco oor ontwerp en jy hoor nie allerhande teorieë oor ontwerp nie. Nee, hy steek sy hand net diep by sy bors in.

“Ontwerp kom van die hart af. Nie die kop nie,” sê hy met een vinger na sy hart gemik en die ander teen sy voorkop.

“Iemand moenie iets kies, dit koop en dan loop nie. Dit maak die kuns, die hart daarvan dood. As iemand 'n ekstrovert is, dan wil ek iets uit-spattigs vir hulle maak. As hul persoonlikheid na die klassieke neig, dan ontwerp ek daarvoor.”

Dis plat op die aarde, liefde vir mense wat praat as jy hom oor juwele vra.

“Ek sal nie 'n ring aan iemand verkoop wat ek nie aan my eie vrou se vinger sal sit nie.”

Sy belangstelling in juwele het op skool begin. 'n Goudsmidvriend se studio was ook kuierplek, en ywerige Jaco het later gebruikte silwer, sommer so in sy slaapkamer, met 'n ou Cadac-blaasvlam bygekom.

Daarna was hy bedags 'n vakleerling en 'het ekstra ponde by Spur in die aande verdien. Harde jare. Maar jare wat hom nederig gemaak het, sê hy.

Nou is hy nie net juweleman nie, maar ook gesins- en sakeman.

**Hoe sal hy sy werk beskryf vir iemand wat dit nie kan sien nie?**

Hy druk 'n groot, vrypostige silwer halssnoer in my hand. Ek maak my oë toe en kan dit sommer so om 'n vrou se nek sien. Dit vloei. Dit lewe. ✨

